



24-7 GEBED VIR HERLEWING IN DIE LAND 8-14 AUGUSTUS 2022

MAANDAG: 8 AUGUSTUS 2022

GEBEDSLAS VIR DIE LAND

Hoe lank moet ek om hulp roep voordat U hoor, Here, moet ek by U bly kla oor geweld voordat U red? (Habakuk 1:2).

Lees die Skrif: Habakuk 1:1-4, 12-17

Kom ons bid

Dank die Here dat ons eerlik kan wees in ons gebede. Vra eerlike vrae wat in jou hart is vir God. Bring jou diepste vrae, innerlike stryd en kwellinge voor Hom in gebed. Besef dat God se weë soms teenstrydig met joune kan wees. Vra die Here om vir jou Sy perspektief op elke situasie te gee.

Bring vandag jou gebedslas vir jou stad of nasie voor God. Vertel vir God die begeerte van jou hart dat jou land en stad Hom moet vrees en wegdraai van hul goddelose weë. Bid volgens Habakkuk 1:3-4 vir die volgende:

- Ongeregtigheid in die land.
- Struwelinge en geweld onder jongmense, in gesinne en verskillende rasse.
- Regstelsel: vir almal wat geregtigheid, sowel as wet en orde toepas, om opreg voor God te wandel.

DINSDAG: 9 AUGUSTUS 2022

GOD SE WERKE ONDER DIE NASIES

Die Here het geantwoord: Kyk na die ander nasies: julle sal verstom staan oor wat julle sien. Ek gaan nog tydens julle lewe iets doen wat julle nie sal glo as dit vir julle vertel word nie. (Habakuk 1:5).

Lees die Skrif: Habakuk 1:5-11

Kom ons bid

Verwag dat God jou gebede sal beantwoord. Wag op God om te hoor wat Hy oor jou land of stad sê. Lê enige vooropgestelde idees neer oor hoe die Here op jou gebede sal reageer. Wees gereed en verwag om Sy stem te hoor.

Vra die Heilige Gees om in die harte van die mense te werk om van hulle bese af te draai en God heelhartig te volg. Bid vir beproewings, ontberings en teespoed om mense tot by die punt te bring om die geestelike toestand van hulle harte in die lig van God se Woord op te weeg. Bid dat God se Woord mense van hulle sonde sal oortuig en dat hulle hul harte regmaak voor God (Hebreërs 4:12).

WOENSDAG: 10 AUGUSTUS 2022

WAAK EN WAG OP DIE HERE

Ek wil op my uitkyktoring gaan staan, my plek op die vestingmuur gaan inneem, ek wil wag om te verneem wat die Here vir my sal sê en wat ek moet antwoord wanneer mense my verwyf. (Habakuk 2:1).

Lees die Skrif: Habakuk 2:1-5

Kom ons bid

Vra die Heilige Gees om jou en ander Christene wat biddend oor die nasie en stad waak, te leer hoe om na God te soek en gretig te verwag dat Hy sal antwoord. Bid vir almal om so lank as wat dit nodig is met 'n verwagting op God se antwoord te wag. Skryf neer wat God vir jou wys sodat wanneer daardie dinge gebeur, dit as getuigenis van Sy getrouheid sal dien. Bid vir gereelde korporatiewe byeenkomste, dat die breë liggaam van Christus dikwels bymekaar kan kom om te luister wat op God se hart is en vir die land of stad bid volgens dit wat die Heilige Gees aan hulle openbaar.

DONDERDAG: 11 AUGUSTUS 2022

GOD SE TEENWOORDIGHEID OP AARDE

Soos waters die seebodem bedek, so sal die magtige teenwoordigheid van die Here oral op die aarde geken word. (Habakuk 2:14).

Lees die Skrif: Habakuk 2:6-20

Kom ons bid

Bring invloedryke organisasies voor God en bid dat die leiers hul besigheid volgens goddelike beginsels sal bedryf. Bid dat sakelui sal verstaan dat die verkryging van rykdom deur bese maniere 'n sonde is. Vra God om hulle te versterk teen die versoeking om kompromieë aan te gaan deur middel van omkoperij, korrupsie en skemas om vinnig rykdom te verkry op onwettige maniere (Habakuk 2:9-10).

Geen stad of nasie kan God se seën ontvang as dit op sonde en bloedvergieting gebou is nie, want hulle sal tevergeefs werk en nie vrug op hul arbeid sien nie. Soek God vir die welstand van jou stad of land. Bid en vra vir God om Sy genade en vergifnis uit te stort totdat die aarde gevul is met Sy heerlikheid (Habakuk 2:12-14).

VRYDAG: 12 AUGUSTUS 2022

ROEP OM GENADE!

Here, ek het gehoor wat van U vertel is en ek is vervul met ontsag vir wat U gedoen het. Doen dit tog ook in ons tyd, laat u dade ook in ons tyd ervaar word, ontferm U selfs in u toorn. (Habakuk 3:2).

Lees die Skrif: Habakuk 3:1-2

Kom ons bid

Roep tot God om Sy genade oor die land! Roep Hom aan om Sy heiligheid en soewereine mag te openbaar aan diegene wat ernstig Sy aangesig soek. Bid vir 'n geestelike ontwaking in die harte van Christene om na God te smag totdat hulle Hom op 'n bonatuurlike manier ontmoet, en verander word deur Sy aanraking.

Bid vir klein gebedsgroepe om tot stand te kom waar twee of drie persone sal saamstem in gebed vir verandering in die land of stad. Vra die Here vir die ontstaan en vermenigvuldiging van gebedsgroepe van alle groottes terwyl mense ernstig Sy aangesig soek en ontsag het vir Sy Woord.

SATERDAG: 13 AUGUSTUS 2022

PROKLAMEER GOD SE GROOTHEID

Die hemelruim is vol van sy majesteit, die aarde vol van sy roem. (Habakuk 3:3b).

Lees die Skrif: Habakuk 3:3-16

Kom ons bid

Lees die bogenoemde verse hardop as 'n proklamasie van God se grootheid.

Heilige God, U heerlijkheid bedek die hemel en die aarde is vol van U roem. U glans is soos die sonlig. Die nasies bewe voor U aangesig. Die hele skepping reageer op U mag en krag. U bring redding vir die mense en vernietig die werke van die bose. My innerlike wese bewe wanneer ek U heiligheid aanskou en U laat my in stilte op U wag.

SONDAG: 14 AUGUSTUS 2022

JUBEL IN DIE HERE

...nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder. (Habakuk 3:18).

Lees die Skrif: Habakuk 3:17-19

Kom ons bid

Bid dat Christene voortdurend hul aandag op God sal fokus eerder as die omstandighede rondom hulle. God bly dieselfde, selfs wanneer ons omstandighede verander.

Bid dat Christene in elke seisoen van hul lewens hul hoop sal plaas op God se vermoë om hulle te red, want Hy is ons altyd-teenwoordige hulp in moeilike tye. Bid dat Christene sal jubel in die Here, ongeag hul emosies, en om te vertrou dat Hy ons in staat sal stel om te oorwin.